# GEMEENTEBULLETIN

**25 JUNIE 2021**

## EREDIENSTE: AANLYN EN IN DIE KERK

**Sondag 27 Junie 2021**

Na aanleiding van die aangepaste vlak 3-regulasies wat vanaf 15 Junie geld, mag slegs 50 persone eredienste in die kerkgebou en 20 persone die diens in die kapel bywoon. **Geen besprekings is nodig nie.** Indien te veel kerkgangers by 'n diens aanmeld, sal die oorvloei van mense die direkte uitsending van die diens in die kleinsaal kan volg.

Tee en koffie word na die eredienste in die markplein aangebied.

**Oggenddiens 08:30 in die kerk** | Ds. Callie Visagie (Span 1)

**Meditatiewe diens 09:00 in die kapel |** Ds. Philipp Dietmann

**Familiediens 09:30 in die kerk |** Ds. Hanno Ackerman (Span 9)

**Relevantdiens 18:00 in die kerk |** Ds. Hanno Ackerman

## KATEGESE TYDENS VLAK 3

### Annibrand Junior

Na afloop van die familiediens om 09:30, sal kategese in die kerkgebou en aanlyn aangebied word. Die kategesegroep word tot 50 kinders beperk. Ouers wat vir hulle kinders tydens die kategese-aanbieding wag, kan koffie en tee in die markplein geniet. Die skakel om by die Zoom-byeenkoms in te skakel sal op die webwerf (www.stellenberg.co.za/annibrand junior) wees.

### Annibrand Senior

Ons nooi tieners om Sondagaand die jeugdiens by te woon en na afloop van die diens saam koffie te drink. Geen gespreksgroepe word die week aangebied nie.


KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


ASEMSKEP-GEBEDSBYEENKOMS

Elke Dinsdag om 18:00 in die kapel.

GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

GEESTELIKE DAGSTUKKE

Geestelike dagstukke, voorberei deur gemeenteleraars, bestaande uit 'n stemboodskap en 'n geskrewe dagstuk, is daagliks op www.stellenberg.co.za beskikbaar of op die gemeente se Facebook– en Instagrambladsye.

## OMGEEPAKKIES VIR LEEU-GAMKA

Alhoewel ons uitreike gedurende die Junie-skoolvakansie weens die invloed van Covid-19 gekanselleer is, wil ons steeds vir dié gemeenskappe wys dat die lidmate van Stellenberg-gemeente vir hulle omgee.

Een van ons projekte in Leeu-Gamka is om omgeepakkies by die plaaslike polisiestasie te besorg, om dan aan vroue en meisies wat slagoffers van fisiese of seksuele geweld is, oorhandig te word. Konstabel Louise van der Bank is ons kontakpersoon by die polisiestasie.

Met die oog op die verpakking van die omgeepakkies word die volgende items benodig: koekies, proteïenstafies, seep, waslappe, tandeborsels, tandepasta, sanitêre doekies en deodorant.

Daar is ook 'n groot behoefte aan kos vir troeteldiere in dié dorpe en skenkings van honde- of katkos sal ook waardeer word. Bydraes moet asseblief voor Dinsdag 6 Julie by die kerkkantoor afgegee word. Navrae: Marelize Oliver by 083 261 461.

## GEMEENTEFEES 12 TOT 15 AUGUSTUS

Ons vier die gemeente se vyftigste verjaarsdag soos volg:

**Donderdag 12 Augustus om 18:30 vir 19:00 in die kerk**

Kom geniet 'n aand met sop en broodjies vooraf en luister na twee bekende sprekers, Jan-Jan Joubert, skrywer en politieke joernalis, asook na Louis Awerbuck, kliniese sielkundige. Hulle gaan beide vanuit verskillende kontekste en perspektiewe die tema, Ek staan weer regop, bespreek. Kaartjies @ R50 is te koop by Karin, kerkkantoor, of bespreek jou plek elektronies deur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za te stuur.

**Vrydagaand 13 Augustus in die kleinsaal en grootsaal om 18:00**

'n Heerlike, gesellige gemeente-ete word saam met die bekende aktrise, Marion Holm, aangebied. Sy gaan háár interpretasie van die tema: Ek staan weer regop, aanbied. Bring jou eie drinkgoed saam. Kaartjies beloop R250 per persoon en vir lidmate bo 70 jaar oud R200 per persoon. Koop kaartjies by Karin, kerkkantoor, of bespreek jou plek elektronies deur 'n e-pos na karin@stellenberg.co.za te stuur.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## HELPERS VIR SOP KOOK BENODIG

Help asseblief met die volgende:

- Kook sop tuis en gee dit in bevrore formaat op Donderdae deur die loop van die dag (voor 15:00 ) by die markplein af.
- Kontantbydraes vir die hande-en-rande-projek is ook welkom en kan na ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, oorbetaal word. Gebruik asb. "hande en rande" as verwysing.

Kontak asseblief vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy kan help.

## ROLSTOEL BENODIG

Lidmate in die gemeente benodig dringend 'n rolstoel vir 'n gesinslid. Indien jy een beskikbaar het om te leen, of skenk, kontak asseblief vir Karin by die kerkkantoor (021 976 4519/karin@stellenberg.co.za).

## HARTLIK GELUK

Baie geluk aan Tina Claassen met haar 100ste verjaarsdag. Haar kinders, Tinus en Marlene Claassen, is ook lidmate van die gemeente.

## AANSTELLING VAN NUWE LERAAR

Die pre-advieskommissie het die onderhoude met die oog op die aanstelling van 'n nuwe leraar afgehandel. 'n Aanbeveling is deur die pre-advieskommissie geformuleer en sal op die spesiale beroepingsvergadering op Woensdag 7 Julie om 19:00 aan die kerkraad voorgelê word. Baie goeie aansoeke is ontvang en ons ervaar in besonder die Here se teenwoordigheid in die proses. Ons doen 'n beroep op lidmate vir voorbidding rakende die finale besluit wat geneem moet word.

## BYDRAES VIR DIE KOSPROJEK

Bydraes van niebederfbare kosprodukte vir die gemeente se kosprojek moet asseblief teen Maandag 28 Junie by die kerkkantoor afgegee word, of dit kan Sondag in die voorportaal van die kerk gelaat word. Kontanbydraes kan elektronies oorbetaal word na:

ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
Gebruik KOSPROJEK as verwysing.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 1 Julie in die eetsaal om 14:30. Klaagliedere 3:31- 66. Daar is hoop en vergifnis!

### INSTAGRAM

Volg gerus gemeentenuus asook dagstukke via Instagram. Soek ons onder: Stellenberg_gemeente.

### BREIGROEP

Die breigroep kom weer op Maandag 5 Julie om 09:30 in die markplein byeen. Hulle benodig steeds wolskenkings vir die brei van serpe en musse. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

## DAGSTUKKE EN BULLETIN OP SELFOON

- **Daaglikse stemboodskappe deur leraars op jou selfoon**
  Indien jy graag na die daaglikse stemopname deur leraars op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+stemboodskap* na 081 045 2428. Geen gemorspos word na die groep gestuur nie, slegs die stemboodskappe.

- **Die bulletin asook die skakel na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon.** Ontvang die **bulletin** asook die skakel na die aanlyn erediens **elke Vrydag** op jou selfoon. Sodoende kan jy na die preek op jou selfoon kyk. Stuur asb. 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428.

## ONDERSTEUNING AAN MEDEWERKERS

Geloofsofferkoeverte waarin bydraes ter ondersteuning van ons medewerkers geplaas kan word, is in die voorportaal beskikbaar. Indien jy verkies om jou bydrae aan die medewerkers elektronies te maak, EFT na: Absa, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik "medewerkers" as verwysing.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.